



AFRIKAANSE HOËR
MEISIESKOOLORETORIA

20 April 2017

INSKRYWINGS GR 8 - 2018

Volgens departementele regulasies is die inskrywingstydperk vir 2018 vasgemaak vanaf **2 Mei tot 12 Junie 2017**. **Alle inskrywings na 12 Junie 2017 sal beskou word as laat inskrywings en sal direk deur distrikkantore geplaas word.**

Neem asseblief kennis dat Graad 8-inskrywings vir 2018 volgens instruksie van die Gauteng Departement van Onderwys, **slegs aanlyn mag plaasvind by www.gdeadmissions.gov.za**.

Aanlynregistrasie kan gedoen word vanaf Dinsdag, 2 Mei 2017 om 08:00. Sodra u aanlyn aansoek gedoen het, en 'n verwysingsnommer ontvang het, moet u so vinnig as moontlik stawende dokumentasie vir u aansoek by die skool indien om u aansoek te bevestig.

Volg asseblief die volgende riglyne indien u 'n leerder vir 2018 by AHMP wil inskryf:

- Op **2 Mei 2017 om 08:00** moet u **ASSEBLIEF** die **aansoek om toelating aanlyn voltooi** op die volgende webtuiste: www.gdeadmissions.gov.za. U sal dan 'n verwysingsnommer aan die einde van die aansoekproses asook deur middel van 'n SMS op u selfoon ontvang. Indien u kan, kan u ook die aanlyn skerm uitdruk sodra dit die verwysingsnommer verskaf. Vir u eie rekord en bewys, is dit raadsaam dat u op enige wyse 'n kopie van die skermuitdruk bekom. (Geen papier aansoekvorms word uitgedeel nie, slegs aanlynaansoeke word aanvaar).
- Indien u 'n nuwe gebruiker is sal u eerstens as ouer registreer vir 'n gebruikersnaam en wagwoord. Daarna registreer u u dogter en volg die aansoekproses. Indien u reeds verlede jaar 'n Gr 8 leerder ingeskryf het behoort u dieselfde besonderhede te kan gebruik om weer aan te teken.
- U is verplig om die volgende stawende dokumente saam met die skool se inligtingsvorm (verkrygbaar na registrasie vanaf 2 Mei by die skool) so vinnig as moontlik by die skool in te handig nadat u 'n waglysnommer ontvang het.
 - Afskrif van geboortesertifikaat;
 - Afskrif van ouers se ID-dokumente;
 - Afskrif van laaste skoolrapport;
 - Bewys van fisiese woonadres (bv water- en ligterekening)

Reg No. 230110

Bondstraat, Clydesdale, Pretoria, Gauteng, 0002

E ahmp@ahmp.co.za T (012) 344 3811/2 F (012) 344 3813

- Indien u in die area werk, maar nie bly nie, moet u 'n bewys van u werkgewer inhandig dat u in die area werk.

Hierdie dokumentasie moet so vinnig as moontlik na aanlynregistrasie en ontvangs van 'n verwysingsnommer by die skool ingehandig word.

- U moet duidelik u skool van keuse aandui (“School of choice”).
- Die Staat beplan om 'n groot mediaveldtog te loods om mense bewus te maak en ook sentrums op te rig om mense te help met die registrasieproses.
- U word vriendelik, dog dringend, versoek om so gou as moontlik ná registrasie u harde kopié aansoek met die stawende dokumente, soos versoek in te handig by die skool.

Die skool se Opedag is op 10 Mei 2017 vanaf 14:00.

Ons beleef oor die afgelope paar jaar 'n geweldige toename in die aanvraag na plek by AHMP. Ons wil derhalwe 'n beroep op u doen om u dogter so vinnig as moontlik in te skryf by AHMP, ten einde teleurstelling te voorkom.

Indien u enige verdere navrae het, kan u ons gerus kontak by (012) 344 3811 of epos na gr8aansoeke@ahmp.co.za

Reg No. 230110

Bondstraat, Clydesdale, Pretoria, Gauteng, 0002

E ahmp@ahmp.co.za T (012) 344 3811/2 F (012) 344 3813